MULTI PURPOSE

Multi Purpose reinig en ontreuk vloere, mure, chroom, vlekvryestaal, opwasbakke, teëls, toonbanke, glas, spieëls, motors, bote, rioolstelsels and enige ander oppervlak wat nie deur water beskadig kan word nie.

'n **Multi Purpose Cleaner** wat werklik ALLE huishoudelike skoonmaakmiddels vervang.

BELANGRIK – dit is 'n ensiemgedrewe produk; dus sal die beste resultate verkry word indien dit vir 2 of 3 minute op die oppervlak gelos word voor dit afgevee word.

STOOF & OOND	Verdun in spuitbottel (1:4). Spuit aan en laat staan vir 3 minute. Vee af.
BAD, STORT, WASBAK, VENSTERS, GLAS OPPERVLAKTE, TOONBANKE	Verdun in spuitbottel (1:4). Spuit aan en laat staan vir 3 minute. Vee af.
TOILETTE	Spuit verdun (1:4) direk op alle dele van toilet. Laat staan vir 3 minute. Vee af. Voeg 25 ml water in die toilettenk en spoel af.
KAR WAS	Verdun 25ml/1L water in 'n emmer. Was kar – spoel af met skoon water.
HANDWASGOED	Week wasgoed oornag in skottel met 100ml Multi Purpose Cleaner. Was, spoel en hang op. Benodig nie versagmiddel nie.
VLEKVERWYDERAAR	Spuit onverdun direk op vlek en vryf liggies. Was soos normaal.
TROETELDIERREUKE	Spuit verdun (1:4) direk op besoedelde area and vryf liggies. Spuit as 'n lugverfrisser om reuke te elimineer.
TEËLS (Muur & Vloer)	Verdun 25ml/1L water in emmer. Was af. Gooi orige water in wasbak of toilet af om te reinig.
MATTE	Verdun in spuitbottel (1:4). Spuit aan en borsel goed om die mikro-organismes toe te laat om te werk. Laat staan oornag. Spuit en borsel weer, laat toe om droog te word en stofsuig om skoon te maak.
KOELKASTE & YSKASTE	Spuit aan die buitekant en binnekant en op die seëls. Laat staan vir 3 tot 4 ure of oornag. Spoel af met skoon water.

DEEP-CLEAN

Die nuutste innovasie in vloer- en oppervlakskoonmaak- tegnologie.

'n **Deep Clean Cleaner** sonder enige kleur- of geurstowwe wat 'n surfaktant bevat. Dit werk baie doeltreffend op vetterigheid en olierigheid en kan dus met sukses deur kommersiële besighede soos bakkerye en in groot kombuise gebruik word. ('n Surfaktant is 'n middel wat aktief in water op oppervlakke werk om groente-olies en dierevette weg te spoel.)

Deep-Clean penetreer diep in die porie van die oppervlak, val die vullis aan en verwyder die vullis. Gereelde gebruik van Deep-Clean verwyder lae op lae vullis wat vassit. Voortdurende gebruik verhinder toekomstige opbou van vullis.

Geen afspoel word benodig na gebruik nie.

Die verdunning is 'n riglyn. Dit hang af hoeveel vullis skoongemaak moet word.

Laat 10 – 20 minute aktiveringstyd.

Indien verdun word, moet die hele mengsel op dieselfde dag gebruik word.

KOMBUISVLOER	Verdun 400ml in 25 liter warm water. Was vloer. Nie nodig om af te spoel nie.
OPPERVLAKTE REINIGING (Vloer & muur, teëls, toonbanke, ens.)	Verdun 25ml/1L warm water in 'n emmer. Was oppervlaktes. Nie nodig om af te spoel nie.
BRAAIROOSTER of enige area wat vetterig is.	Spuit onverdun direk op oppervlakte. Wag 10 – 15 minute. Skrop liggies en spoel met skoon warm water.
RIOOL/AFVOERSLOOT	Kan onverdun gebruik word om vetterigheid op te los. .
MATTE	Verdun in spuitbottel (1:4). Spuit aan en borsel goed om die mikro-organismes toe te laat om te werk. Laat staan oornag. Spuit en borsel weer, laat toe om droog te word en stofsuig om skoon te maak.

DISINFECTANT

Die ontsmettingsmiddel is ‘n “groen” natuurlike organiese biosied wat 99.9% van besmetlike en nadelige organismes soos S. Aureus, P. Aeruginosa en E Coli vernietig of onskadelik maak. Die produk is geskik vir die skoonmaak, ontsmetting en sterilisasie van voedselverwerkingstoerusting en harde oppervlaktes en is gesertifiseer deur die SABS en SANS.

Verdun 30ml in 1 liter water en dit moet op dieselfde dag gebruik word.

LAUNDRY PLUS

Die “groen” waspoeier is ‘n mengsel van ses ensieme wat saamwerk om die hardnekkigste vuiligheid en vlekke te verwyder. Die produk maak die gebruik van vlekverwyderaars en versagmiddels oorbodig en spaar sodoende geld.

Voeg 30g–50g per 5kg wasgoed (een skep = 50g). Watertemperatuur 0-40 grade. Hand- en masjienwas. Veilig vir die meeste materiale.

LEMON FRESH DISH WASH

Lemon Fresh Dish Wash lewer 'n besonder hoë vlak van skoonmaak van alle vorme van skottelgoed, potte en panne. Dit is 100% bio-afbreekbaar, geen spoel en laat skottelgoed en eetgerei sprankelend skoon.

Voeg eenvoudig 2,5 ml Lemon Fresh Dish Wash in die wasbak voordat dit met water gevul word.

TOILET RIM BLOCK

Die beste reukverwyderaar en skoonmaakmiddel vir toilette ooit!

Ama Clean Clean Rim Block is ‘n nuut-ontwerpte produk wat uitmuntende prestasie lewer in die stryd om toilette reukloos en probleemvry te hou – onontbeerlik vir die higiëniese en eko-bewuste persoon, higiëniese skoonmaak-kontrakteur en “groen” gebou-eienaar. Die skoonmaakproses en uitskakeling van ou reuke afgehandel - 100% natuurlik.

- Rim Block elimineer en breek organiese vullis in die toilet en dreineerpype af.
- Rim Block handhaaf effektiewe mikrobe- en ensiem-aktiwiteit in septiese stelsels deur reuke uit te skakel wat veroorsaak word deur onvoldoende afbreking van onwelriekende vlugtige vetsure.
- Rim Block dring deur krake, barste en porieë van oppervlaktes waar organiese vullis ophoop. Die organiese vullis (VOC) word verwyder en 'n visueel-skoner oppervlak word agtergelaat. Dit bied langtermyn reukbeheer, verwyder die organiese vullis wat die reuk veroorsaak en verhoed dat die reuk terugkeer.

RIM BLOCK bevat GEEN skadelike chemikalieë nie!

Maklik om te gebruik – hak aan en spoel.

BIO BLOX

Bio Blox word gebruik in urinale en krippe in ruskamers/badkamers om die reuk te verwyder en pype en uitlaatstelsels skoon te hou.

TOEDIENING

Plaas een Bio Blox in elke urinaal, of een elke 50 cm in krip. Vervang as die blok opgelos is. Bio Blox behoort tussen 2 en 4 weke te hou afhangend van hoe dikwels die urinaal of krip gebruik word.

ORGANIC WASTE DEGRADER

Die bio-afbreekbare middel bestaan uit mikro-organismes en bakterieë wat suiwering onder anaërobiese toestande (septiese) en aërobiese toestande (in die geboue) effektief doen.

Die volgende gebruiksaanwysings is net ’n riglyn.

Gebruiksriglyne	**Skokdosering**	**Onderhoudsdosering**
PITTOILETTE	100g per week vir 1 maand (los op in 20 liter warm water)	100 g per maand
SEPTIESE TENKE & BEWAARTENKE	100g (per 5000L tenk) per week vir 1 maand (los op in 20 liter warm water)	100g (per 5000L tenk) per maand
VETVANGERS	Los 100g in 20 liter warm water op. Laat staan vir 1 uur. Giet in vetvanger. Doen dit een keer 'n week vir 3 weke.	100 g per maand
RIOOL/AFVOERSLOOT – Kombuis Sink, Wasbak, stort, bad, ens	Los 100g in 20 liter warm water op. Laat staan vir 1 uur. Giet in verskillende riool areas en laat staan oornag voor dit uitgespoel word.	100g per maand

Skokdosering sal die opbou in die pittoilet of septiese tenke afbreek en sal aktiewe bakterieë aktiveer om die probleem te voorkom. Voeg baie water by vir die skokdoseringsproses.

Onderhouddosering verseker dat daar ten alle tye genoeg bakterieë in die sisteem is.